23

Goeie Nuus
Good News

GRATIS

NOU REEDS 23 JAAR OUD!

Nov. 2021

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel:(018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper

# BOEMELAAR TOT KONINGSKIND!

Ek is op 28 April 1975 in 'n klein dorpie, Coligny, gebore en het hoofsaaklik in Orkney grootgeword met 'n pa wat my nooit wou gehad het nie. Hy het nooit tyd, aandag, en liefde aan my gegee nie. Hy was getroud met sy werk, stokperdjies, en die drankbottel. As oudste kind het hy my baie met die vuis geslaan, baie vrees by my ingeboesem en my verskeie kere met die dood gedreig. Op daardie stadium het hy ook my ma en broer gedreig om hulle by te kom. Waar vrees in 'n huis is, waai liefde by die agterdeur uit! ***"Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie"*** (1 Joh. 4:18).

My pa het nooit een enkele skoolaktiwiteit in my 12 jaar se skoolloopbaan bygewoon nie! Ek het nooit by hom 'n soen of 'n drukkie gekry of gehoor: "Ek is lief vir jou" nie. Net baie gehoor: "Jy kan nooit iets reg doen nie" en ook baie gehoor: "Jy is vir niks goed nie!" Hy het baie keer op my gevloek en geskreeu! 'n Ware monster, my alkoholis-pa.

My ma is in 2019 oorlede. Vir jare praat my pa nie met met my nie, hoewel ek al verskeie kere probeer het om met hom te versoen. Ook my suster en broer praat nie met my nie. Ek het egter almal vergewe en vrygespreek en bid bykans elke dag vir hulle. Ek glo dat my geloof in die Here my gesin kan red. ***"Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin"*** (Handelinge 16:31).

## VROEG RYP - VROEG VROT!

Weens geen vaderliefde, geen tyd en aandag van hom nie, het ek baie gedragsafwykings en rebelsheid asook opstandigheid as kind gehad. In graad 1 het ek 'n prefek in standerd 5 geklap en ek moes skoolsielkundiges spreek. Ek het 'n disleksieprobleem gehad en is baie daaroor gespot. Ek is ook baie gespot omdat ek gehakkel het en ek is ook baie geboelie en het later self 'n boelie geword.

Op 8 jaar is ek deur 'n ouer vrou, ons buurvrou, gemolesteer. Tot en met my 40ste jaar het ek vrouens gehaat en was ek vir meer as 20 jaar 'n narsis. Op 13 jaar het ek reeds begin rook. Ek is na 30 jaar, op 8 Februarie 2019, deur God hiervan bevry! Op 13 jaar het ek begin drink en het vir jare daarna 'n drankprobleem gehad. Na meer as 20 jaar se alkoholisme het God my genees en geheel en al bevry op 8 April 2016!

Op 17 jaar het ek die eerste keer in my lewe by 'n vrou geslaap. Dit was 'n prostituut vir wie ek betaal het. Sy was baie ouer as ek. Net daar het ek 'n baie groot deur vir Satan en sy demone in my lewe oopgemaak! Soveel so dat ek meer as 20 jaar erg verslaaf was aan seks, prostitusie, masturbasie en pornografie. Ek het in meer as 20 jaar by honderde, dalk duisende, prostitute geslaap. Ek het ook baie seks-orgies beoefen - "threesomes" - en selfs baie kere ook "BDSM" toegelaat - vrouens betaal om my te slaan!

Ek was algeheel stukkend binne. Het 'n groot gat in my gehad en met diep selfhaat geleef. Ek het die gat in my nie probeer volmaak met die Heilige Gees nie... ***"…en op Hom sal die Gees van die Here rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE"*** (Jes. 11:2).

Ek het by die verkeerde plekke en verkeerde mense, en met die verkeerde dinge vir jare agter vals troos aangehardloop. ***"Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon?"*** (Jak. 4:5). Omdat ek Jesus Christus nie aangeneem het as my Verlosser en Redder en Saligmaker nie, was my lewe hel op aarde en het ek nooit vrede gehad nie. Diep, diep selfhaat in my het my gedryf om my seer te gaan maak by prostitute. Geestelik seer te maak, emosioneel seer te maak, en fisies seer te maak. Jare later het iemand my eendag gevra: Het jy nie HIV (AIDS) nie? My antwoord het die persoon verstom! "Nee, God se krag wat in en deur my werk, het al 'n paar persone genees van HIV. Ook van siektes soos Parkinsonsiekte, bloedkanker en 'n paar honderd ander genesingswonderwerke. Alles slegs tot God se eer!"

## MY DAE AS JONG POLISIEMAN EN NET DAARNA…

Na skool is ek na die SAPD en was net bietjie meer as 3 jaar daar. Ek was in verskeie rehabilitasiesentrums as gevolg van my drankprobleem. In daardie jare het



*Rossi Rossouw*

ek ook dwelms begin gebruik (kokaïen, "ecstacy", LSD, dagga en baie ander). Vir 15 jaar was ek in 'n "dwelm-tronk" waaruit God my bevry het. In 1998 het ek deur UNISA 'n BA-graad in Polisiekunde verwerf, maar dit nog nooit in al die jare gebruik nie. Die SAPD het my later gevra om eerder te bedank omdat ek te veel probleme veroorsaak het.

Terwyl ek in die SAPD was, het ek my pa se moord beplan en met volkome haat geleef. Ek wou sy kop wegskiet met my Z88, 9mm dienspistool, waarmee ek 'n paar naweke by die huis was. My woorde aan my ma was: "Laat hy ons net weer soos varke behandel, dan skiet ek sy kop weg!" Ek het 'n hele paar keer in my kamer met my dienspistool met 'n ronde patrone in die kamer op my bed gesit. My pistool was gerig op die deur in afwagting dat hy sou inkom en ek hom kon skiet!

My woede en aggressie het drasties toegeneem, veral toe ek uit die SAPD is. Dit was so erg dat ek opgeneem is in die "malhuis", met die doel om lewenslank gesertifiseer te word. Dit was by Sterkfontein, die Psigiatriese Inrigting in Krugersdorp. Ek was 'n aantal weke daar en is toe ontslaan. Tydens my tyd daar het hulle gesê: "Jou brein moet gekook word" en hulle het 'n hele paar keer vir my "electric shock therapy" gegee. Dit is glo een van die mees ekstreme metodes vir depressie-behandeling. Ek het jare lank depressie gehad. Drankmisbruik en dwelms het die depressie baie vererger. God het my egter volkome genees van depressie en ook 'n hele

*Vervolg op p. 4*

# DIE BRUID WORD GEREEDGEMAAK...

Op TV sien ons dikwels hoe 'n grimeerkunstenaar te werk gaan om van 'n "lelike eendjie" 'n pragtige swaan te skep! Wanneer sy dan in die spieël gaan kyk, is sy skoon oorstelp! En sy wonder: Is dit regtig ek? Kan dit wees? Die oorweldigende emosies kan op haar gesig gesien word. Daarom wend menige bruid haar tot 'n grimeerkustenaar. Sy het mos al die vrug van sy werk gesien. En watter bruid wil nie op haar beste lyk op haar troudag nie?

Daar is wel ook nog menige ander voorbereidings. Sy moet die heel mooiste trourok hê en dit moet perfek pas. Daarom sal sy ook op 'n dieet gaan sodat sy op haar beste kan lyk. En nog talle ander planne word beraam om haar troudag die mooiste en beste dag van haar lewe te maak.

So sal gelowiges hulself ook gereedmaak om hul Hemelse Bruidegom tegemoet te gaan wanneer Hy kom. In die Bybel lees ons van hierdie gereedmaak-proses. Daar is twee Griekse woorde wat ons kan vertaal met "gereedmaak."

**Eerstens:** *"Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed"* (Matt. 25:7). Die Griekse woord vir "gereedmaak" is **kosmeō**, wat o.a. beteken "gereedmaak", "in orde bring", "om te versier." Dink bv. aan woorde wat hiervan afgelei is, soos "kosmetiek" en "kosmeties". In Bybelse tye het die vroue hulle ook gegrimeer of mooigemaak (**kosmeō**).

In Openbaring 21:2 lees ons: *"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei (hetoimazō) soos 'n bruid wat vir haar man versier (kosmeō) is."*


En in 1 Tim. 2:9-10 staan geskryf: *"So ook moet die vroue hulle versier (kosmeō) met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie, maar, soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely, met goeie werke."*

Vir ons hemelse Bruidegom moet die klem dus nie uitsluitlik op uiterlike versiering val nie, maar **veral op innerlike versiering.** Petrus skryf soos volg hieroor: *"Julle versiering (kosmeō, of kosmos), moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God. Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig…"* (1 Pet. 3:3-5). Om hierdie Skrifgedeelte beter te verstaan, moet ons na die konteks of verband gaan kyk waarbinne bg. verse voorkom.

Daar staan in die 1983-Afrikaanse vertaling: *"Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie.*
*Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde.*
*In die ou dae het die gelowige vrouens wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig. Sara, byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie, is julle haar dogters.*
*Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder"* (1 Petrus 3:1-7). Lees en vergelyk ook Ef. 5:22-32 en Kol. 3:18-19.

Wanneer ons die hele verband lees waarin Petrus vir die gelowige vroue van sy tyd en tot vandag toe skryf, dan sê hy eintlik vir dié vroue as hulle hul ongelowige mans wil wen vir die Here, moet hulle dit nie doen met uiterlike versiering of haarvlegtery of omhang van pêrels ("haarkapsels, juwele en sierlike klere") wat hulle uiterlike skoonheid verhoog nie, maar met hulle innerlike skoonheid.

**Tweedens:** *"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak"* (Openbaring 19:7). Hierdie "gereedmaak" soos bo reeds gemeld m.b.t. Openbaring 21:2, is 'n ander Griekse woord as kosmeō. Dit is die woord **hetoimazō.** Dit beteken 'n plek of iets moet gereedgemaak word vir gebeure wat moet plaasvind. Johannes die Doper moes die weg voorberei of gereedgemaak vir die koms van Jesus, die Messias. Jesus weer, het gegaan om 'n plek voor te berei of gereed te maak, sodat Hy dan weer kan



kom om Sy bruid te kom haal. Die dissipels moes 'n plek gaan gereedmaak waar hulle die pasga sou gaan eet. En só moet gelowiges hulle reinig en hulle heilig om 'n voorwerp tot eer te wees, *"geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei (gereedgemaak) vir elke goeie werk"* (2 Tim. 2:21).

Dié woord word ook m.b.t. die tempel gebruik: *"En toe sommige oor die tempel praat, dat dit met mooi klippe en gewyde geskenke versierd (hetoimazō) was, sê Hy: Hierdie dinge wat julle sien - daar sal dae kom wanneer daar nie een klip op die ander gelaat sal word wat nie afgebreek sal word nie"* (Lukas 21:5-6). "Mooi" (**kalos**) beteken pragtig in skoonheid, kunswerk van die mense wat kunstig te werk gegaan het met klippe.

Die tempel moes 'n heilige versiering wees, gebou volgens die voorskrifte soos gevind in die Ou Testament. Waarlik kunstige werke, sodat die Heilige God daarin kon woon en Hom daar kon openbaar. Daarom moes die tempel 'n mooi gebou, 'n pragstuk wees van kunstenaarshande wat hulle beste vir God gegee het.

Die Bruid moet haarself in gereedheid bring (**hetoimazō**) vir die hemelse Bruidegom. Dit is dus háár verantwoordelikheid. **Sy moet Sy koms met heilige afwagting koester. Sy moet uitsien na Sy koms!** Die Bruidegom weer, sal met haar samewerking, haar innerlike skoonheid na vore bring. Dit is haar heiligmaking, haar geestelike groei en haar groei in gelykvormigheid aan die Beeld van die Seun van God.

In die Woord lees ons oor gelykvormigheid: *"Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders…"* (Romeine 8:29).
*"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is"* (Rom. 12:2).
*"…sodat ek Hom kan ken en die krag van Sy opstanding en die gemeenskap aan Sy lyde terwyl ek aan Sy dood gelykvormig word"* (Fil. 3:10).
*"…wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp"* (Fil. 3:21). Hierdie gelykvormigheid is 'n proses van geestelike groei en heiligmaking wat hier op aarde begin by wedergeboorte en wat voltooi word in verheerliking wanneer Jesus ons kom haal. Die grimeerkustenaar werk slegs aan die buitekant. Hy werk slegs en alleenlik aan die uiterlike skoonheid. Ons Bruidegom, die Groot Grimeerkunstenaar, werk van binne af buitentoe. Hy verander en versier ons harte, reinig ons met heiligmaking, geestelike groei, en die vrug van die inwonende Heilige Gees. **Eers daarná kan Sy skoonheid op ons uiterlike gelaat gesien word deur buitestanders. Ons word Sy glansdraers! Ons skyn soos ligte in 'n donker wêreld.**

Jesus Self het gesê: *"Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het"* (Joh. 13:35). Soos reeds in die bespreking oor 1 Pet. 3:3-5 opgemerk, kom die vrou se optrede teenoor haar ongelowige man duidelik na vore. Hoe kry sy dit reg om haar man te wen? **Omdat ons hemelse Bruidegom reeds Sy skoonheid in haar innerlike mens ingebou het.**

Maak jou dus uiterlik mooi, maar fokus veral op die innerlike skoonheid in Christus en word dan só gelykvormig aan Sy Beeld, en omdat dit eventueel gaan oor die gereedmaak van die maagde om die Bruidegom te ontmoet, strek die gedagte veel wyer as net bloot lampe wat reggemaak moet word! Bou jou verhouding met Jesus en laat Sy Woord ryklik in jou woon, terwyl jy met opgewondenheid wag op Sy spoedige koms!

*© Dr. JJ Venter*

# 'n Rusie oor Krummels


'n Brood val uit 'n bewegende broodwa en rol en rol totdat dit 'n entjie verder tot stilstand kom. 'n Stukkie het egter afgebreek en in die straat bly lê.

Drie mossies pyl af op die stukkie wat afgebreek het en 'n hewige bakleiery breek los. Een kry die oorhand en begin die krummels gretig oppik terwyl die ander twee met luide protes in 'n boom gaan sit. Nie een van hulle het die groot brood 'n entjie verder raakgesien nie, want hulle was te besig om oor die krummels te baklei!

Ons mense maak ook rusie oor klein dingetjies en ignoreer dít wat eintlik belangrik is. Oor nietighede word ons vir mekaar só kwaad dat kosbare verhoudinge verbreek word. Voordat ons oor 'n paar krummels twis, kom ons kyk eers rond en sien die hele brood raak! Die krummels is nie die gevolge van die twis werd nie!

*Liewe Heer,*
*Help my om vandag te onderskei tussen krummels en daardie dinge wat werklik saak maak!*






*Always pray to have eyes that see the best,*
*a heart that forgives the worst,*
*a mind that forgets the bad,*
*and a soul that never loses faith.*

# GO RAPELE LA BAETELEDIPELE

## (Praying for leaders)



*Johan Zerwick*
*Sêlê ke 083 458 3837*

### DITEMANA

Thapelo ya go rapelela batho botlhe.
"Jaanong ke kaela pele ga tsotlhe gore dikopo le dithapelo le dithapelelo le ditebogo di direlwe batho botlhe, le dikgosi le botlhe ba ba leng bagolo, gore re nne le bophelo jwa boiketlo le tidimalo ka poifo-Modimo yotlhe le ka tlotlego. Go dira jalo go molemo, go bile go natefela Modimo, Morepholosi, o o ratang gore batho botlhe ba pholosiwe le go fitlha mo kitsong ya boammaaruri" (1 Timotheo 2:1-4).
"Matlho a Morena a mo mafelong aotlhe, a tlhola ba ba bosula le ba ba molemo" (Diane 15:3).
"Gonne Modimo o tla isa tiro nngwe le nngwe mo tshekong, o atlhola tsotlhe tse di fitlhegileng, le fa di le molemo gongwe bosula" (Moreri 12:14).
"'Ke itse ditiro tsa gago le lorato le tumelo le tirelo le tshwarelelo ya gago…" (Tshenolo 2:19).

### DIKAKANYO

Go nna karolo mo mmusong ke tshegofatso go tswa Modimong mme tshegofatso e e tla ka morwalo wa boikarabelo nako yotlhe mme se se kopa moeteledipele go direla Modimo ka nnete. Ga se fela tiro e mme baeteledipele ba tshwanetse go ruta batho le go ba etelela pele mo tseleng e e siameng. Go kgona go dira se baeteledipele ba tlhoka dithapelo gore ba se lape mme ba se tloge mo tseleng e e siameng. Ba tshwanetse go arabela go Modimo ka gotlhe se ba se dirang. Modimo o bona gotlhe mme o itse gotlhe.
Beibele e kopa gore re rapelele baeteledipele. Baeteledipele ba tlhoka kemo nokeng ya rona re le baagi. Go kgona go tsaya dikgato tse di siameng le tse di tla tswelang morafe le ditoropo tsa rona mosola, baeteledipele ba tlhoka dithapelo tse dintsi. Ba filwe boikarabelo bo bogolo mme Modimo le Ene o baya baeteledipele boikarabelo bo bogolo. Mo Beibeleng o laola gore baeteledipele ba kereke ba tlhokomele banaba gagwe. Moeteledipele ke Modisa mme o tshwanetse go tlhokomela dinku. Ka jalo ke ka rata go kopa mongwe le mongwe wa baagi ba simolole go rapelela baeteledipele gore re bone maungo a Modimo a a batlang mo setšhabeng sa rona. Lebelela dintlha tse di latelang mme rapelela baeteledipele dintlha tse di latelang.

1. Rapelela Botlhale
2. Rapelela gore baeteledipele ba se lape go dira ditiro tse di molemo.
3. Rapelela boikokobetso
4. Rapelela kopano le lorato mo malapeng a baeteledipele
5. Rapelela tshepo mo Modimong
6. Rapelela kgothatso
7. Rapelela poifomodimo le botsalano le kgolagano le Modimo
8. Rapelela bopelokgale
9. Rapelela kgakololo le kaelo go tswa mo Moweng o o Boitshepo
10. Rapelela tirisanommogo magareng ga baeteledipele
11. Rapelela kgolo
12. Rapelela Lorato la Modimo le la batho
13. Rapelela tshireletso mo thaelong
14. Rapelela boitekanelo
15. Rapelela kopano
16. Rapelela boitshepo le bophepa
17. Rapelela kitso le ponelopele
18. Rapelela kagiso le bopelotelele.

### THAPELO

Ntate wa rona re kopa go rapelela baeteledipele ba rona ba naga le ba toropo dilo tse di 18 tse di mo godimo. Re kopa o ba tshware mo diatleng tsa Gago mme o ba thuse go etelela pele ka lerato le ka boikarabelo. Re kopa o ba tshegofatse mme o ba etelele pele mme o ba gogele kwa metsing a tapoloso mme o ba fe kagiso gore ba tlhokomele gotlhe jaaka o ka rata. Thusa le rona baagi re ba tshole ka tlotlo le ka bopelotelele. Re kopa tsotlhe tse ka Leina le Jesu Keresete.
AMEN.

Go ka buisa go feta ka setlhogo se sa go rapelela baeteledipele ya kwa https://justdisciple.com/prayers-church-leaders

# BOEMELAAR TOT KONINGSKIND!

*Vervolg van p. 1*

paar ander siektes (hoë bloeddruk, erge suiker, bloedklonte, en onreëlmatige hartritme).

Na die "malhuis" het die tronk vir my aan die beurt gekom. My ma se suster se woorde aan my was: "Jou pa wou jou nog nooit gehad het nie!" Ek het baie kwaad vir haar geword en toe sy by haar dogter oorsee gaan kuier het, het ek haar huis opgepas en besluit om alles in haar huis te verkoop vir dwelm- en drankgeld. Ek het in 1999 R20 000 vir alles gekry en al die geld in een naweek geblaas by sinagoges van Satan: "raveclubs", nagklubs met ontkleedanseresse, bordele en kroeë. Weens my bedwelming het ek van die geld verloor en vir baie mense drank gekoop wat ek nie eens geken het nie!

Soos die verlore seun het ek al die geld uitgemors op losbandigheid (Lukas 15:11-32). Net daarna het ek my aan die polisie oorgegee. Toe het ek vir 6 maande in die tronk gesit en 'n 5-jaar opgeskorte vonnis gekry vir diefstal. Op die jong ouderdom van 24 het ek toe met 'n kriminele rekord gesit.

In die tronk het iemand ons weekliks bedien met God se Woord en op 'n dag een boodskap gegee wat ek nooit vergeet het nie. Hy het vertel dat sy Dominee nie 'n U-draai in 'n stil straat wou maak nie. Hy het hom gevra: "Dominee, waarom maak jy nie 'n U-draai nie? Die Dominee het geantwoord: 'As jy oor klein dinge getrou is, wat verkeersreëls insluit, sal God jou oor groter dinge aanstel.'"

## MY 23 DONKER JARE

Ek sê altyd dat ek veral vir 23 jaar 'n baie diep, donker, wêreldse lewe geleef het. As lasteraar het ek God verskeie kere gevloek. Ek was amper 'n satanis en het met Bybelbladsye dagga-zolle gerook. Het ook 'n Bybel en boek van die profeet Jesaja, wat iemand my gegee het, in 'n vullisdrom gegooi, omdat ek kwaad was vir God.

In al daardie jare het ek die dood meer as 10 keer net-net vrygespring met verskeie motors wat ek afgeskryf het, 'n paar keer selfmoord probeer pleeg het, en 'n klomp kere wat ek oordosisse dwelms ingeneem het. Ek het een keer op 'n nat pad in gietende reën my motor in my dronkenskap en bedwelmdheid gerol teen 200 km/uur en amper al my ribbes gebreek. Net sowat 4 maande daarna was ek weer onder die invloed van drank en die dwelmmiddel 'ecstacy'. Einde November 2006 raak ek aan die slaap agter die stuurwiel van 'n Toyota Tazz. Ek het 'n toeter gehoor, ligte gesien, die geluid van staal teen staal gehoor, en toe tref 'n Interlink-vragmotor die kar se regterkant!

Die regterspieël se glas het in my regteroog geskiet. Al die vog het uit my oog geloop. Twee noodoperasies kon my oog nie red nie. Drie diep snye en 22 steke later, is ek op 31 jaar oud 50% blind! Ek het God jare daaroor verwyt. Totdat die Heilige Gees eendag aan my geopenbaar het dat 'n mens nie vir God kan versoek (dronk en bedwelmd bestuur) en dan verwag dat God se engele 'n mens moet beskerm nie (Matt. 4:7 en Jak. 1:13-16).

Ek was 'n groot "joller" wat my nooit wou "commit" aan enigiets of enigiemand nie. Vandag lyk my "track record" soos volg: 46, nooit getroud, geen kinders, 4 keer trouringe gekoop, en 1 keer selfs 'n uur voor die troue uitgestap!

## MY BOEMELAARDAE

Nadat ek uit die polisie is, was ek 'n paar jaar in die restaurantbedryf en het by ander plekke gewerk voordat ek my eie besighede begin het. Ek was vir ongeveer 10 jaar 'n besigheidsman ('n baie skelm besigheidsman) en het op 'n stadium drie besighede gehad. Baie geld gemaak, maar alles uitgegee op dwelms, drank, en losbandigheid. Ek was baie arrogant en baie selfvoldaan. Vol van myself en leeg van die Heilige Gees!

Ek word toe 'n "hobo" vanaf 31 Maart 2013 tot 21 Augustus 2015. Vir 3 winters en 29 maande het ek op straat gebly, gebedel sonder skaamte, soms vir weke nie gebad nie, dikwels kos uit vullisdromme gegrou om te eet, in velde geslaap, in leë geboue geslaap, regoor SA geryloop van hoek tot kant en paar keer amper doodgegaan van geweldige koue toestande. Ek het 'n swerwer sonder rigting geword en 'n soeker wat nooit ware lewe kon vind nie! Ek het al my visie, alle ambisie en alle selfrespek en menswaardigheid verloor!

## VERSOENING RED MY LEWE EN VERANDER MY TOEKOMS (JOUBERTPARK, HILLBROW, JOHANNESBURG, 21 AUGUSTUS 2015).

Op 21 Augustus 2015 was ek op my laagste laag en my leegste leeg ooit in my lewe! Ek was op die punt om met 'n oordosis heroïen selfmoord te pleeg... Toe red God my met Sy grenslose genade! Daardie selfde oggend was ek by my pa. Ek het snot en trane gehuil en gesê: "Pa, vergewe my asseblief!" So baie keer vantevore het my pa al gesê: "Gaan weg, ek wil jou nie ken nie en jou nooit weer sien nie!" Dan het hy my weggejaag. En dit het toe weer gebeur. Ek was baie hartseer aangesien ek van Grahamstad af na Orkney toe geryloop het om met my pa vrede te maak.

Ek het maande daarna nog gewonder waarom God my gered het toe ek op my laagste laag en leegste leeg was en met 'n oordosis heroïen selfmoord wou pleeg. Toe gee God my op 'n dag 'n openbaring deur die Heilige Gees "that blew my mind" - omdat jy huis toe is om met jou pa te versoen en vrede te maak! Toe word so baie dinge vir my duidelik. Hy wat met liefde in sy hart leef, sal nie selfveroordeeld voor God staan nie. En hy sal in die Naam van Jesus Christus vra wat hy wil, en dit kry (Lees 1 Joh 3:18-24).

Hierdie Skrifwaarheid was vir my 'n baie groot openbaring. Ek het besef dat met haat, bitterheid, en onvergewensgesindheid 'n mens aan Satan 'n staanplek en krag in jou lewe gee! Jy kan dan siek word en ook doodgaan met 'n hart wat selfveroordelend is voor God. Ook het ek besef dat vergifnis nie noodwendig die ander persoon verander nie, maar baie beslis jou eie hart en toekoms verander! Dit verander nie jou verlede nie, maar definitief jou toekoms.

## MY LAASTE R50 - MY BESTE BELEGGING OOIT!

Net nadat ek in Hillbrow gered is en my hart vir God gegee het en Jesus Christus aangeneem het as my persoonlike Redder, Verlosser en Saligmaker, was ek steeds 'n boemelaar op straat. Dit was egter net vir 2 dae. Ek het by 'n kafee in Orkney gesit met 'n stuk karton in my hand met die woorde, Ek soek nie geld nie, maar werk. 'n Vrou het by my stilgehou en gevra: "Wil jy môre saamgaan kerk toe?" Ek het ingestem.

Op 23 Augustus 2015 was ek die eerste keer in jare in 'n kerk: die PPK in Orkney. Die preek het gegaan oor *"Geloof sonder dade is dood"* (Jakobus 2:17). Ek het 'n laaste R50-noot aan my gehad en met God gepraat en gesê: "Here, ek het alles verloor! Die familie het my afgeskryf, ek het geen geld en geen werk nie, en as ek hierdie geld in die kerk saai, het ek nie 'n bord kos vir môre nie. Ek het 'n gemors van my lewe gemaak, maar ek gaan U van nou af met my hele lewe vertrou - vir die res van my lewe." Ek het toe my beste belegging ooit gemaak en al die geld gesaai! Vir iemand anders is R50 niks, maar vir 'n boemelaar is dit 'n fortuin! Ek het nooit daarna weer teruggekyk nie.

'n Dag daarna, het ek werk gekry, kos gekry, klere gekry, en skoene gekry! Op 40 jaar en 4 maande het ek my lewe oor begin met niks, nie 1 sent nie, maar met GOD! En Hy het Matt. 6:33 onder my aandag gebring: ***"Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel."***

## 'N NUWE VISIE ("Surpassing excellence by grace").

Ek het op my bed gesit en huil uit dankbaarheid dat ek nie meer 'n boemelaar was nie en dat ek van die strate af was en kon werk en 'n dak oor my kop het. Deur die trane het ek een van my kragtigste gebede ooit gebid: "Here, stuur asseblief iemand op my pad met 'n Bybel, sodat ek Jesus kan leer ken. Amen."

'n Paar minute na my "Amen", het 'n jongman na my aangestap gekom waar ek gebly het met 'n Bybel. Ek was verstom! Binne 24 uur het ek nog 'n Bybel gekry en 'n hele klomp geestelike boeke! Tot en met vandag het ek meer as 500 boeke, CD's, DVD's, en Bybels van vriende in Christus gekry van regoor die wêreld. Een van die eerste boeke wat op my pad gekom het, was "Chosen for Greatness" deur Dr. Kelly Varner. Sy boek het die Boek Efésiërs bespreek. Dit het verklaar wie elke gelowige in Christus is. Nadat ek sy boek deurgelees het, het God deur Sy Gees aan my die volgende gesê: "JY HET NOG NOOIT 'n VISIE GEHAD NIE. VANDAG GEE EK JOU 'n VISIE: 'Surpassing Excellence by Grace'". Ek het gevra: "Here, wat beteken dit?" Deur God se Gees het Hy aan my geopenbaar dat dit na 'n "meer uitnemender weg" ("more excellent way") verwys: "Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n nog uitnemender weg" (1 Kor. 12:31). Hy het met my ook gepraat oor 1 Kor. 13 en wat ware LIEFDE is! God het gesê: "Ek sal jou bemagtig en bekragtig om vir die hele wêreld te leer wat LIEFDE en VERGIFNIS is!"

## NA MY WEDERGEBOORTE TOT VOLTYDS IN DIE BEDIENING

Ek het vir 'n vrou gewerk by 'n besigheid vir 22 maande na my wedergeboorte. Met God se guns en genade het ek myself baie opgewerk en baie verhogings gekry. Terwyl ek nog daar gewerk het, het God gedurende Junie 2016 'n wêreldwye WhatsApp-bediening op my pad geplaas, waarmee ek daagliks preke en gebede op stemboodskap gedeel het en steeds doen. Ek het met 5 persone begin en duisende is tans ingeskakel.

Op 7 Mei 2017 het ek gaan bid

*Vervolg op p. 5*

# BOEMELAAR TOT KONINGSKIND!

*Vervolg van p. 1*

langs die Vaalrivier naby Orkney. Ek het duidelik God se Stem gehoor: "Ek gee jou 30!" Ek het God gevra wat dit beteken en God het toe deur Sy Gees aan my geopenbaar en die volgende gesê: "If you go back to zero, then I will make you a hero. All to My glory!" As jy teruggaan na waar jy was toe jy jou lewe oorbegin het op 40 jaar en 4 maande, toe jy jou laaste R50 in die kerk gesaai het, sal Ek jou wêreldwyd neem tot My eer. "Die '30' beteken 30 dae kennis om jou werk te bedank om voltyds 'n evangelis te word."

Ek het gesê: "Here, dit sal 'n mal besluit wees. Kyk hoe het ek as boemelaar my opgewerk! Kyk watter groot salaris kry ek. Daar gaan mense wees wat dink ek is mal en dat ek weer wil "hobo". Toe vra ek: "Here, gee my Woord!" Onmiddellik het God my Woord gegee - Genesis 49:22 tot 26 - die seën van Josef is op jou lewe!

Ek het na God geluister. Vandag is ek baie bly daaroor! Binne 24 uur het ek my kennis vir bedanking ingegee. Op 8 Mei 2017 het ek by my vorige werkgewer ingestap met die woorde: "Ek gee 30 dae kennis vir my bedanking om voltyds in die Bediening te tree as 'n evangelis." Ek hoef toe nie die volle 30 dae kennis te gewerk het nie en is sedert 20 Mei 2017 voltyds in die Bediening.

### MEER AS 4 JAAR VOLTYDS IN DIE BEDIENING

Die Bediening wat God op my pad geplaas het, is 'n profetiese, genesing- en bevrydingsbediening. Dit fokus baie op huis- en kerkbyeenkomste (Handelinge 2:46). Sedert 20 Mei 2017 het God my grondgebied baie vergroot en vir my baie deure oopgemaak om op Kruiskyk-TV en op radio te kon preek en 'n paar honderd keer te bedien met huisbesoeke, plaasbesoeke, hospitaalbesoeke en optredes by kerke, ander Bedieninge, skole, kampe, rehabilitasie-sentrums, ouetehuise en ook ander plekke, regoor SA. Ek doen steeds op konstante basis hierdie uitreike. Ook het God 'n kinderbediening op my pad geplaas en ek dank God vir Sy onverdiende genade en baie oop deure!

Ek praat graag by skole oor "boelies" en leer die kinders dat hulle nie aan ander moet doen wat hulle nie aan hulself gedoen wil hê nie. Jakob het vir Esau bedrieg. Toe bedrieg Laban vir Jakob vir 20 jaar. God is 'n God van geregtigheid!

### DIE GROOTSTE LEWENSLES WAT EK GELEER HET EN DIE GOUE LEWENSREËL

*"Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete"* (Matt. 7:12). Ek dank God wat so diep neergebuig het en my uit die vuilste modderslyk opgelig het en my Sy kind gemaak het! Hy kan dieselfde vir jou doen!

Deel gerus hierdie getuienis met wie jy ook al wil. Dit is ook op stemboodskap beskikbaar op WhatsApp. As jy daarna wil luister, stuur gerus jou naam op WhatsApp met die woord "getuienisse". Kyk ook op YouTube en op Google@Rossi Rossouw na video's en preke en na GOD SE GENADE IS VIR BOEMELAARS OOK wat op Kruiskyk TV uitgesaai is.

U is welkom om my gerus te nooi na kerke, skole, kampe en ander plekke regoor SA waar ek my getuienis kan oordra. Ek is tans woonagtig in Kaapstad.

Ek soek 'n skrywer en uitgewer vir my lewensverhaal in Engels en Afrikaans. Bid asseblief dat God so 'n persoon op my pad sal stuur. Baie dankie vir almal se gebede vir my en hierdie Bediening.

God seën u ryklik!

*- Rossi Rossouw, Evangelistic Association ("surpassing excellence by grace"), 071 309 4647.*

# WHAT'S IN A C-A-R-E-E-R?

Many Christians feel their careers and making Christ famous are incompatible. They wonder: How can I glorify God when I am sitting behind a desk at an insurance office? How can I make Him famous when I am picking up trash on the street, cutting hair, teaching school, or drilling teeth?

Do you believe you have to have a particular career to make an impact for Christ and glorify God?

Is making a difference for Him reserved for "special people" such as pastors and missionaries?

Today I hope you will realise that you can make a difference for Christ right where you are. Take a look at the following C-A-R-E-E-R acrostic to help you see just what's in a career and how God can use your career to glorify Him!

### C - CHARACTER

Your character is the greatest asset you can bring to your workplace. Nothing is more important than your character to build your integrity and make Christ known. It is the first and most important value in any organization. Through Christlike character, you have the opportunity to impact others.

### A - ATTITUDE

Your attitude about work starts with acknowledging that God instituted work. When He first created Adam, He placed him in the garden for a specific purpose - not just to enjoy the garden, not just to eat the fruit, but also to "work it and take care of it." Work is not a result of the curse! Fall or no fall, our work was part of God's original plan. When you acknowledge this, you can glorify God with a great attitude, rather than grumbling about how horrible it is to work.

### R - RELATIONSHIPS

Romans 12:18 says, *"If it is possible, as far as it depends on you, live at peace with everyone."* And 1 John 4:7 says, *"Let us love one another, for love comes from God. Everyone who loves has been born of God and knows God."* The greatest witness you will have at work is dependent on how you treat your co-workers. Make it your goal to live at peace with everyone at work. This is another great way to make Christ famous.

### E - EXCELLENCE

People are watching to see if you are a genuine Christ follower. No matter where you are, others are watching to determine if your faith is real or if you're an imposter. One of the best ways you can bring God glory is to do your work with excellence. First Corinthians 10:31 says, *"Whatever you do, do it all for the glory of God."*

### E - EXPERIENCE

God can use all the experiences in your life to bring Him glory. You may not think your present career is thrilling, exciting, or that it suits your gifts and talents. Yet when you acknowledge that God does not waste any of our experiences, but that He uses all of them so we can glorify Him more fully, your work will take on new meaning. Your current job or career is not just a meaningless in-between place until something better comes along; it's an assignment from the Lord. Pray that He will give you pleasure in His assignment until He moves you.

### R - REST

Remember the Sabbath by keeping it holy. *"Six days you shall labour and do all your work, but the seventh day is a Sabbath to the LORD your God. On it you shall not do any work..."* (Exodus 20:8-9).

Work loses its lustre when it becomes a 24-hour-a-day, seven-day-a-week focus. A weekly 24-hour fast from your phone and computer will help you stay passionate about work. When you unplug from work, it's a sign that you trust the Lord to take care of business in His timing. Passionate work is a product that comes from being with Christ daily and weekly in Sabbath rest.

I hope you are encouraged to view your corner of the world as a place to make Jesus famous. People are everywhere and people everywhere need Jesus. God has designated you as a minister at your place of employment. Shine for Him. After all, you are the light of the world! (Matthew 5:14).
www.blueprintforlife.com

Pick n Pay
Van der Hoffpark Potchefstroom
Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131


# Anderkant die Ogiesdraad

- Katrienkie

Die dood het die afgelope tyd so kort-kort aan baie deure kom klop, Here. Onverwags. Skielik. Party kon kans kry om vir oulaas te groet, wanhopig vas te klou aan 'n stukkie lewe. Vir ander het die lewe net skielik gestop!

Ek wonder so baie oor die dood, Here! Christiaan glo met sy vyfjarige lyfie dat Jesus besig is om ons huisie te bou, en ons elkeen sal kom haal wanneer ons kamer reg is. Hy glo ons huisie is amper klaar, daarom het die Here vir ou Basjan kom haal, om solank die huisie op te pas. Hy kan nie wag om by U te wees nie. Hy wil vir U dankie sê dat U lief is vir kindertjies. Ek moet elke aand vir hom daardie verhaal lees… Hy wil die leeu sien wat saam met die lammetjie lê, hy wil hom so graag gaan vryf. Hy is so opgewonde … oor die dood! En U verstaan dit, Here.

Dalk is ons besig om die lewe verkeerd te verstaan, Here. Ons vergeet dat ons net hier *kampeer* vir 'n rukkie. Ons vergeet dat U vir ons elkeen 'n blyplekkie in die lewe se sand getrek het. Ons vergeet dat U ons tentjie opgeslaan het daardie oomblik toe ons oë die eerste keer die lewe raakgesien het. Ons vergeet dat ons nie vir altyd en altyd in hierdie tentjie gaan uitkamp nie. Ons vergeet dat U besig is om ons plekkie te bou daar by U… ons nuwe huisie, ons nuwe blyplek. Ons leef so hard in ons kampplekkie dat ons vergeet dat U op 'n dag ons tentjie gaan opvou en saam met ons Huis Toe gaan stap.

En hier waar ons kampeer, Here, raak dit so dikwels vuil en stowwerig en seer. Die wind waai sy stukkend so baie dae in ons tentjies in en dan gaan lê dit diep in ons harte, daar waar net U kan kyk. Mense trap so dikwels oor die strepie wat U vir ons in die sand getrek het - die strepie wat sê waar ons vir ons stukkie tyd hier op aarde mag kampeer. En partykeer, terwyl hulle so deur ons kampplekkie stap, verniel hulle ons harte, Here.

Hier waar ons bly, Here, is die lewe so baie keer verkeerd en deurmekaar. Hier, in die lewe se kampterrein, hier waar ons bly, skop die lewe stof in ons oë en dan huil ons harte. Hier waar ons bly, Here, verlang ons na die tentjies wat reeds opgevou en weggebêre is, en die kampplekkies wat skielik so leeg is.

Wanneer die lewe sy stof deur ons waai, Here, raak ons bang. En dan bou ons hoë betonmure om ons kampplekkies. Ons hou ons harte eenkant, sodat die lewe se stukkend nie daar kan gaan vassit nie. Ons raak alleen agter ons hart se mure, Here. Ja, ons sê en loop die regte woorde op die regte tyd, ons glimlag wanneer die lewe wil hê ons moet lag… maar so baie keer wil daardie lag net nie in ons oë gaan lê nie. Dit raak so baie keer alleen agter die muur wat ons om ons kampplekkies gebou het, Here. En daar agter die muur sukkel ons om U raak te sien. Daar agter die muur voel dit so baie keer asof U die hekkie agter U toegemaak het en anderkant uitgestap het.

Dankie… dankie dat U nooit wegstap nie. Dankie dat U saam met ons in die kampplekkies leef. Dankie dat U ons help om ons tentjies uit te vee wanneer die lewe sy stof daar ingewaai het. Dankie dat U die ketel kook wanneer ons moeg raak en stil by ons sit wanneer ons nie meer weet watter kant toe nie. Dankie dat U nie weggaan nie.

Dankie dat U ons sag herinner om die muur af te breek, sodat ons weer verder kan sien



en beter kan kyk. Dankie dat U vir ons ogiesdraad bring vir ons kampplekkie hier op aarde… ogiesdraad waardeur ons kan kyk na eendag se Eendag, na die Groot Begin wat daar vir ons wag. Help my om nie teen my kampplekkie vas te kyk nie, Here. Help my om deur die lewe se ogiesdraad te kyk en die Lewe raak te sien. Die Lewe wat ons tentjies met soveel liefde versorg, en later stil opvou en wegpak… sodat ons vir altyd kan leef.

Dankie dat U verstaan as ons harte huil oor 'n leë kampplekkie. Dankie dat U ons sag teen U vashou en stil vir ons sê dat U ons nooit sal los nie. Dankie dat U nooit wegraak nie, Here. Dankie dat ons deur *U ogiesdraad* kan kyk en opgewonde kan uitsien na Eendag daar by U. Die Eendag wat vir altyd gaan aanhou. Die Eendag waar daar nie stof in ons oë gaan lê nie. Die Eendag waar ons harte van blywees gaan lag. Regtig lag, Here.

Dankie dat ons nie meer bang hoef te wees vir die dood nie… want die dood is maar net 'n tentjie wat opgevou word, sodat ons vir altyd by U kan wees. Vir altyd en altyd se altyd.
Amen.

# Kies om die Here te Vertrou!

Die onvoorspelbaarheid van die lewe... Só kom elkeen van ons by daardie plek waar ons onkant gevang word. Meestal niksvermoedend. Dinge verander vinnig. Dit wat vir ons vandag bekend is en veilig laat voel, is môre nie meer daar nie en jou lewe neem 'n ander wending. Gewoonlik is dit buite jou beheer, soms besluite wat ons maak. Skielik is dinge nie meer dieselfde nie…

Vandag het jy nog werk, môre maak die besigheid se deure toe. Jy beplan jou vakansie vooruit, dinge verander intussen só dat jy nie meer met vakansie kan gaan nie!

So ook beplan jy jou dag, week of maand, maar kom nie by alles uit nie want dinge verander. Dit breek jou moed, dit maak jou negatief en moedeloos. Dis dan wanneer ons by die Here se voete sit en ons harte uithuil oor die lewe wat so onregverdig is, so onvoorspelbaar… Dit maak ons só bang! Dan, as ons tot bedaring kom, hoor ons die Vader se Stem: **"Moenie bang wees nie, Ek is by jou My kind."**

Dit is 'n wonderlike wete dat ons nooit, in geen situasie, alleen is nie. Die Here is altyd by ons. Ons is nie uitgelewer aan 'n onvoorspelbare, vinnig veranderende lewe nie, want die Vader is by ons. Ons is veilig by Hom! Hou net vas aan ons Vader en word bewus van Sy Teenwoordigheid in jou lewe.

Die lewe kan broos en breekbaar wees, kosbaar, en tog ook onvoorspelbaar. Ons kry heel dikwels seer, want daar is ook 'n harde kant, 'n wrede kant, 'n hartseerkant… Hoe hanteer ons die reën én die sonskyndae? Die dae wanneer die lewe sy verkeerde kant vir ons wys?

Ons menslike natuur is om weerstandig en opstandig te word teen veranderings en wanneer ons roetine verander, of wanneer dinge nie uitwerk soos ons dit beplan het nie. Wat moet ons doen, hoe moet ons optree? As ons daarteen skop, verwoes ons dalk die mooi wat die Vader uit daardie situasie wou skep...

Een ding van die lewe is dat dit 'n avontuur is, en ons het nie 'n ander keuse as om voluit deel te neem daaraan nie. Terwyl ons lewe, is ons in hierdie lewenswedloop. **Kom ons kies van vandag af elke dag om ons geestelike wapenrusting aan te trek sodat ons reg is vir elke situasie wat na ons kant toe gegooi word.**

**Kom ons kies om nie toe te laat dat dinge buite ons beheer ons vreugde en vrede steel nie.** Kom ons kies om die beste te maak van elke situasie, selfs al is dit een waarin ons nie wil wees nie. Kom ons kies om te glo dat die Here van beter weet. Die lewe behoort aan die Here. Daarom vertrou ek Hom.

Wanneer ons Filippense 4:13 lees, ***"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee,"*** gee dit ons moed en hoop, want ons sal dit maak, ons sal deur elke situasie heel en sterker anderkant uitkom!

Gebed:
Dankie Here Jesus, dat U altyd by ons is, dat U ons versterk, dat U ons krag gee, dat U ons heelmaak en dat U ons beskerm. Ons gee nou ons lewe met al sy gebrokenheid in U Hande oor, want die lewe behoort aan U. U is die Lewe, die Weg en die Waarheid! In Jesus Naam.
AMEN. SHALOM!
- Hannelie

# Alida's Story

More than ten years ago, I met Alida, who was born in Cuba three years after Fidel Castro came to power. Alida was "a child of the revolution" and I will never forget what she told me.

After the Communist takeover on 1 January 1959, life became difficult for Cuba's Christian believers. When Fidel Castro seized the government, the Church was cut off from the outside world, isolated, and repressed.

Alida's father was a pastor, and his church suffered along with the others, but this did not deter Alida's parents from instilling in their young daughter a desire to serve the Lord. As the years passed, the government gradually began to ease its tight reins on the Church.

In her late teens, Alida went to Bible College. There she fell in love with Pedro, and before long the two were married. After graduation Pedro became assistant pastor in his father's evangelical church, and the first four years of Alida en Pedro's marriage were very happy. The newlyweds were surrounded by Christians who supported them in their ministry.

In 1989 the Holy Spirit moved in a mighty way in Cuba. Many people came to the Lord, churches overflowed, and countless house churches were born all over the country. However, with the revival came more oppression. Government spies were sent to attend church meetings.

Alida and Pedro's church, like many others, was watched carefully, especially because Castro's secret agents happened to have their office right across the street. From there they watched the pastor's every move. Alida and Pedro were often followed when they left their house, and virtually every month Pedro was called in by the security police and interrogated.

Alida was really afraid for her husband's safety. When she was expecting their second child, Pedro was once again apprehended by the authorities. Though this had become almost routine, usually the interrogation sessions lasted only a few hours.

This time Pedro did not come home when Alida expected him. The security police held him for a whole day. In her fear Alida cried out to God. He answered her through Isaiah 54:17: *"No weapon formed against you shall prosper"* (NKJV).

"Lord!" she cried, "I know you spoke those words to Your people Israel, but please make them true for my husband today." After hours of harassment and intimidation by the police, Pedro finally came home late that evening.

Alida was overjoyed to see he was alive and well, but it was not his last interrogation. During the following years, the Lord often reminded Alida of the promise in Isaiah. At times He also warned her of imminent danger.

"We have always lived with fear," Alida told me, "but fear has not conquered our hearts." Fear and high-risk circumstances were not Alida's only problems. After the revolution, Cuba became increasingly poor, and most families lacked the basic things they needed.

Cuban women had no choice but to go to work, and they had to work for the government, since it was the only employer. It was a challenge to hold a full-time job while properly caring for their families.

Household appliances, so common in the Western world, were largely unavailable. To make time for God in their busy days, it was crucial for women like Alida to keep themselves and their families on a strict schedule.

Meanwhile, Pedro became involved in the unofficial distribution of Bibles. For security reasons, Alida was one of the few people he relied on to help him in this dangerous ministry. Her life was already hectic, and it was essential for her to depend on God for the provision of their family's daily needs.

Sometimes she and Pedro entertained unexpected guests in their home, which meant providing food they often did not have. All she could do was turn to her Father in heaven and ask Him: "Give us this day our daily bread." When Alida described her challenges and how they were met, her face seemed to glow. "Many, many times I've seen God bless and multiply what little we had!"

Like all children in Cuba, Alida's three sons attended public schools. The atheistic philosophy they were taught was far different from what the boys learned at home and in church. Sometimes Christian children were singled out in class and punished for something a whole group had done. All their parents could do was to commit their children to God daily and ask Him to keep them.




"God heard our prayers for our children," Alida told me. "The Holy Spirit is moving in wonderful ways in our country. Many teachers have testified that the witness of Christian children in their classrooms has affected their lives. We praise the Lord for that!"

As we said goodbye, Alida had one final thing to say to me. "You know," she said, "the years that my husband and I have served the Lord have not been easy. We have often faced danger, but it has been worth the risk. **Without God's Presence, we could not exist.** I pray daily that God will always be first in our lives and that He will not allow riches or poverty or anything else to come between us. It is good to have to depend on Him for everything. **We have learned to live on our knees."**

*- Singing through the Night, Anneke Companjen, Open Doors International, Revell, 2007.*

# WIE HET DIT ALLES GEMAAK?



Sir Isaac Newton, die 17de-eeuse Christenwetenskaplike, het vir hom 'n presiese miniatuurmodel van ons sonnestelsel laat maak. In die middel was 'n goue bal wat die son voorgestel het, en rondom was kleiner balletjies aan stawe van verskillende lengtes vas. Hulle het die planete verteenwoordig. Alles is deur ratte en koppelings aanmekaargehou sodat die "planete" in perfekte harmonie rondom die "son" kon wentel.

Eendag het 'n vriend van Newton wat nie in die Bybelse skeppingsverhaal geglo het nie, by hom kom kuier. Hy was baie beïndruk met die model en het uitgeroep: "Sjoe, maar dis wonderlik! Wie het dit gemaak?"
"Niemand nie," het Newton bedaard geantwoord.
"Niemand nie?" het sy vriend verstom gevra.
"Dis reg, ja. Nes jy daar sê. Al hierdie balletjies en ratte en koppelings het uit die bloute bymekaargekom en - wonder bo wonder - toevallig in hulle vaste bane beland en met perfekte tydsberekening begin draai."
Sy vriend, die agnostikus, het die boodskap gekry!

**Die blote bestaan van die hoogs ingewikkelde skepping getuig en verkondig sy geskapenheid. Dit jubel uit dat Iemand dit moes gemaak het! - Georg Florovsky**

*- Stories vir die lewe Omnibus, Piet Naudé, Lux Verbi. BM, 2002.*

# Sy Teleurstelling word 'n Seën

In 'n Franse dorp het 'n leerwerker gewoon. Sy van was Braille. Hy het 'n baie mooi seuntjie gehad. Sy naam was Louis.

Eendag moes die outjie 'n skerp els uit sy pappie se werkswinkel gaan haal. Ongelukkig val hy en die els steek in sy een ogie. Die oog het baie seergekry en infeksie het gevolg. Die ander oog is ook aangetas en kort daarna het hy heeltemal blind geword. Hierdie verlies het baie smart, teleurstelling en droefheid vir die hele familie tot gevolg gehad.

'n Blinde klein seuntjie - kan julle dink hoe baie sy ouers gehuil het? Wat sou die toekoms vir hom inhou? Hulle besluit toe om hom na 'n skool vir blindes te stuur.


Daar gekom, vind klein Louis dat hulle die letters uit dik papier sny, dit weer op ander papier plak en dan voel die blinde kinders met hul vingertjies watter letters dit is. Dit het egter vreeslik baie tyd gemors en so 'n boek vir blindes kon nooit regtig gedruk word nie.

Louis was 'n baie slim seun met 'n sterk ondernemingsgees en hy het planne begin maak. Hy wou iets beters uitvind.

Eendag lees iemand vir hom 'n stukkie uit 'n koerant van 'n Franse kaptein in die weermag wat vir sekere van sy manskappe geleer het om bevele in die donker te lees. Dit het geskied deur middel van opgehewe dotjies op papier wat hulle met hul vingers kon voel. Louis het hardop uitgeroep: "Dit kan gedoen word! Dit kan gedoen word! Neem my asseblief dadelik na daardie kaptein toe!"

Na 'n gesprek met hierdie kaptein het hy aan die werk gespring. Hy het 'n els gebruik om die dotjies op papier te maak. Nogal dieselfde instrument waarmee hy sy oog beskadig het! Kort daarna het hy homself, asook ander blindes, geleer om te lees.

Jare later het hy ook musieknote in hierdie soort skrif gemaak. (Hy was self 'n goeie orrelis en tjellis). Mense het egter gesê dat dit onsinnig was. Volgens hulle sou niemand ooit op daardie manier musiek kon leer speel nie. Een aand het een van Louis se musiekstudente egter 'n musiekuitvoering voor 'n groot gehoor gelewer. Die gehoor het oorverdowend hul hande van opgewondenheid geklap. Die musiek was pragtig!





Ongelukkig kon Louis nie self teenwoordig wees nie, want hy was baie siek. Toe 'n vriend vir hom die nuus bring van die geslaagde musiekuitvoering, het hy van blydskap gehuil! Sy groot lewenstaak was afgehandel. 'n Paar dae later het hy gesterf. Sy "dotjieskrif" is vandag die wêreldbekende Brailleskrif. Selfs die Afrikaanse Bybel is in Braille-skrif te kry. So kan blindes ook selfs die Bybel lees.

**Wanneer teleurstellings op ons pad kom, hoef ons nie moedeloos te word nie. Ons moet die Here vra wat ons kan doen om hierdie teleurstellings in 'n seën te verander. Die Here sal julle help soos Hy vir Louis gehelp het.**

*- Kom ons vertel Stories, Mev. J C de Ferrières (Tant Sannie), Evangelie Uitgewers, 1968.*

# HOW THE APOSTLES AND EVANGELISTS DIED




### MATTHEW
He was the former tax-collector turned evangelist. He suffered martyrdom in Ethiopia and was killed by a sword wound.

### LUKE
He was a Greek-speaking physician. Luke was hanged in Greece as a result of his tremendous preaching excursions to the lost.

### PETER
He was crucified upside down. According to church tradition it was because he told his tormentors that he felt unworthy to die in the same way that Jesus Christ had died.

### MARK
He was the founder of the church of Alexandria. He died there after being dragged by horses through the streets.

### JOHN
He was boiled in oil, but miraculously delivered from death. He died peacefully while living in exile on the isle of Patmos (where he wrote the Book of Revelation).

### JAMES THE JUST
He was the leader of the church in Jerusalem, was thrown off the Temple wall when he refused to deny his faith. Having survived, his enemies killed him with a club.

### ANDREW
He was crucified in Greece. After being whipped severely, they tied his body to a cross. He continued to preach to his tormentors for two days until he died.

### JAMES THE GREAT
Otherwise known as one of the Son's of Thunder. He evangelized Spain and is the Patron Saint of that nation. He was beheaded by Herod Agrippa.

### BARTHOLOMEW
Also known as Nathaniel, he was a missionary to Asia and present-day Turkey. He was martyred in Armenia where he was flayed to death by a whip.

### THOMAS
(of the Doubting Thomas fame). He was stabbed with a spear in India during one of his missionary trips where he established the church in the subcontinent.

### MATTHIAS
He was chosen to replace Judas Iscariot. Matthias worked amongst cannibals. Records of his death vary. Some record stoning/beheading/crucifixion.

### PAUL
During his lifetime, Paul endured imprisonment, beatings and shipwrecks. He was tortured and then beheaded by the Emporer Nero of Rome in A.D. 67.

www.joymag.co.za

**Perhaps this is a reminder to us that our sufferings are indeed minor compared to the intense persecution and cruelty faced by the apostles and evangelists after Christ's death.**
**Let us remember our brothers and sisters in Christ who still face persecution and death today for their faith in Jesus Christ!**

*"And ye shall be hated of all men for My Name's sake. But he that endureth to the end shall be saved"* (Matthew 10:22).

# KNOWN BY GOD

***"O Lord, you have searched me and you know me. You know when I sit and when I rise; you perceive my thoughts from afar. You discern my going out and my lying down; you are familiar with all my ways"*** **(Psalm 139:1-3, NIV).**

**There are few places we can go these days in a big city, travel by train, bus or plane, or be almost anywhere where people gather, without some sort of surveillance camera catching our every movement. Even in the small market town where we live there are hidden closed circuit TV cameras, recording what the local people are doing: <u>All in the name of security.</u>**

**In today's environment we almost take such observation cameras for granted as being necessary for our safety. We are relieved when they are used to record some criminal activity and apprehend the culprit. Nobody is really interested in what the majority of us are doing. But when something bad does happen the police are very interested to see if surveillance cameras have recorded the incident.**

**On a much wider front, whenever there's an international sporting festival such as the Olympic Games, or a major incident occurs anywhere in the world everything can be instantly screened via TV into the living rooms of everyone on the planet!**

**If, with man's very limited knowledge and ability, these amazing things are possible, It should be no surprise that the all-knowing God is also able to watch over every detail of our lives and know everything that has ever happened to us from conception to the present day. He doesn't need security cameras to keep an eye on us!**

**This is something that David, the psalmist, knew instinctively. In Psalm 139:7-12, David recognises that if there is nowhere he can go to escape from the presence of God, then there is absolutely nothing that God doesn't know about everything we have done: the good, the not-so-good, and the will-do. And there is absolutely no circumstance or place that any of us can be in where we cannot cry out to God for His help and guidance!**

**David ponders that even if he were able to fly on the wings of the dawn and settle on the far side of the sea and declares, *"even there your hand will guide me, your right hand will hold me fast"* (verse 10).**

**He didn't think it would ever be possible to walk on the moon, but when James Irwin, the Apollo 15 astronaut turned to prayer when he had a problem on the surface of the moon, he had an extraordinary encounter with the living God who heard and answered his prayer!**

**He came back to Earth a changed man and devoted the rest of his days to sharing the truth that Jesus really is the *"way, the truth and the life"* (John 14:6). Wherever you are in God's great universe, God is there with you.**

**I discovered in my business years that God is the best Businessman I have ever known! The supernatural 'coincidences' and the ideas that could only have come from God were always the most successful and profitable developments! I learnt to trust the ideas that bore the hallmark of God's Holy Spirit and was never disappointed.**

**So, never think that your situation or problem is beyond the knowledge and wisdom of God or beyond Him being able to provide a solution. He can and will hold you fast and show you the way to go.**

**Prayer:**
**Thank You, Lord, for these wonderful words from Scripture. I know that I can trust You to lead and direct my steps wherever I am. I pray that You will help me to overcome the problems I have to face as I listen to Your voice and watch for Your leading day by day. In Jesus' Name.**
**Amen.**

***- Peter Horrobin from Ellel Ministries - "Seeds of the Kingdom".***

*** Peter Horrobin is the Founding and International Director of Ellel Ministries. The work was originally established in 1986 as a ministry of healing in the northwest of England, but today the work has spread round the world, with Ellel Centres in over thirty nations. Peter's latest book, "Strands of Destiny" tells the story of how God envisioned and built the work.**

# Emergency Grace

**Just after his church service, Lourens, our son, called. He likes to speak to us when he's on his way home or elsewhere. He suddenly remembered an incident a while back.**

**While he was preaching one Sunday morning, there was a sudden commotion of a sobbing child rushing into the sanctuary, one of the Sunday School staff in her wake.**

**She rushed straight into Lourens's arms, still crying uncontrollably. It was Annika. He had to stop speaking and first attend to his child's obvious need. She had just eaten a chocolate in Sunday School. It contained peanut and she's allergic to peanut. The immediate allergic reaction made her ask, "Does this contain peanut?" Alarmed, she knew she had to find Daddy quickly, but he was preaching.**

**That was totally beside the point at that moment. She needed her Daddy and she needed him NOW! She explained what had occurred and he asked her, "Would you like me to pray for you?" "Yes, please do!" And so, with Annika in his arms he started praying for her, the congregation joining him in prayer. She calmed down and he carried on preaching, Annika still in his arms, her head resting on her daddy's shoulder.**

**The allergic reaction had totally disappeared and Annika was able to return to her Sunday School class again. The emergency was warded off. No need to rush to hospital. I consider this an instance of emergency grace!**

**Immediately my thoughts turned to that very precious Scripture in Deuteronomy 33:27, *"The eternal God is your refuge, and underneath are the everlasting arms. He will drive out your enemies before you, saying, 'Destroy them!'"***

**Whether you're facing an army, ready to take you on in battle, or whether you're experiencing the unpleasant effects of an allergy - you have an eternal, loving Father Who is ever ready to catch you in His embrace and never too busy to accommodate you at any given moment.**

**Dear One, whatever you are facing that causes alarm, run to your Father. His outstretched arms are already turned in your direction. Sob it out on His heart that overflows with love for you. That's what Fathers are for. Enjoy that privilege to the full. He knows what fear can do to us and He's ready with loving, comforting arms in any emergency you may face - great or small.**

***- Helen du Plessis, 083 332 0895.***



Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

# Die God van Wonderwerke

*Boelie Cloete en familie skryf*

**Jesusgroete aan almal! Ek wil graag aan julle vertel van die Here se wonderwerke deur die bloed van Jesus wat vir ons gesterf het. Daar was onlangs 'n groot ommekeer in my gesondheid. Ek lewe nie meer vir een dag nie, nie een uur nie, maar elke minuut en sekonde is genade.**

**In 2018 het ek twee hartaanvalle oorleef. Die kardioloog het vir my vrou gesê "It is very bad." Met my aankoms in Johannesburg het ek die tweede hartaanval gekry. Ek lê vir vyf dae in 'n koma. Hulle sit 'n pasaangeër aan en daarna 'n stent van 58 mm. Ek oorleef dit alles deur God se genade. En my lewe is gespaar!**

**Op 12 Desember 2019 om 19:00 gee die Here my weer 'n kans op die lewe. Ek het begin sleg voel. Ek kon nie asem kry nie en ek het my vrou, Koenie, geroep. Sy besef toe dat ek vinnig by die hospitaal moet kom vir hulp. Ek sukkel erg om suurstof te kry. My vrou het my dogter, Nina, geroep om my te help om in die motor te kom om my Potchefstroom Hospitaal toe te kon neem. Toe my dogter by die voordeur kom, blaas ek my asem uit in haar arms! Sy skreeu toe vir Tommy, haar vriend, om die voordeur oop te maak. Nina skree: "My pa is dood!" My vrou, my dogter en Tommy het gesukkel om my in die motor te kry, want my bene was reeds styf.**

**Hulle het egter steeds hospitaal toe gejaag met my. By ongevalle aangekom, het die dokter en mediese personeel dadelik aan my begin werk. Die dokter aan diens het vir Nina kom vra: "How long has he been dead? Because the ECG showed that his heart stopped for at least 20 minutes." Dis toe dat Nina besef dat my hart**



**Boelie Cloete**

**wel gestop het en ek dood was…**

**Die wonderwerk is dat, volgens die dokter, my hart by die huis gaan staan het en ek reeds dood was by my aankoms by die hospitaal! Hulle het medies alles probeer. Die familie is onmiddellik ontbied en na 35 minute in die noodkamer sien die suster dat my hart wonderbaarlik weer begin klop het. Die dokter het uitgeroep, "This is a miracle from God!"**

**Ek wil by u pleit soos dit in die Woord sê: As jy dink jou broer het iets teen jou, los jou offer by die altaar en gaan maak reg.**


**Die koms van die Here is so naby dat daar dalk nie eens 'n elfder uur vir jou sal wees nie. As jou saak met die Here nie reg is nie, is dit nou die geleentheid om nog reg te maak. As jy uitstel, kan dit dalk te laat wees. Gee die duiwel geen kans nie. Hy wil jou net ontwrig dat jy verlore gaan.**

**Jes. 55:6-7: *"Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer. Dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, dan sal Hy vergeef vermenigvuldiglik."***

**Hy is nou nog te vinde en die tyd is baie min. Moenie die saak laat oorstaan nie. Sy koms is skielik soos 'n dief in die nag. Ons ken nie die dag of die uur nie. Dit sal jou oorval en dan is dit vir ewig te laat.**

**Voetnota: Ek is baie bevoorreg om hierdie getuienis te kan deel van my man, Boelie Cloete, wat vandag by Jesus is. Hy het na ons hemelse woning verhuis op 13 Oktober 2021. Hierdie gebeure het kort vantevore afgespeel. Ek dink elkeen wat my man, Boelie, leer ken het, sal saamstem dat hy voluit vir Jesus geleef het. Hy het nooit die kans laat verbygaan om mense van Jesus te vertel nie.**

## BRIEWE



*Redakteur:*
*GOEIE NUUS*
*Posbus 1957*
*Potchefstroom*
*2520*

# Jesus Kom!

*Makkie de Klerk skryf*

**Onlangs was ek om 03:00 besig om te bid. Die Here wys my toe in 'n visioen die volgende: Ek sien honderde kinders van God is op pad êrens heen; sommige loop oor 'n brug en ander in die woestyn. Hulle was soos iemand wat besig is om te trek, met net die nodigste byderhand. Die volgende oomblik skiet hulle op in die lug - baie vinnig - en verdwyn! Hulle klere bly agter en hulle is weg. Die Heilige Gees sê toe vir my die koms van Jesus is baie, baie naby.**

**Gisteraand het ek gaan lê, maar ek kon glad nie slaap nie. Ek lê toe en bid die hele nag deur. Bykans 03:00 vanoggend wys die Heilige Gees aan my die volgende: ek kyk op in die lug en sien 'n groot wolk wat oopmaak. Binne-in die wolk is Jesus en Hy steek Sy hande uit. Soos in 'n opening gaan mense vinnig op na Hom toe. Maar nie almal nie!**

**Die Heilige Gees sê toe vir my: "Maak reg en vergewe en vergeet. Maak skoon wat vuil is, bely en vra vergifnis, sodat julle gereed kan wees vir Jesus se koms. Nie almal gaan saam nie! Ek het weer eens bely en gebid en gevra: "Here, gee tog vir almal 'n kans om reg te maak en vrede te maak met mekaar."**

**Daarna wys die Here vir my 'n kruis en sê ek moet dit op my WhatsApp-status plaas. (Vroeg gisteraand was my plan om nie weer iets op status te plaas nie.) Ek staan op en gaan sit in die badkamer en toe ek my foon oopmaak, is daar 'n video wat 00:00 aan my gestuur is. Ek sien dieselfde kruis wat die Heilige Gees vantevore vir my gewys het. Daarby het Hy vir my nog twee spesifieke prentjies uitgewys wat ek op my status moes plaas.**

**Ek het eers 05:00 vanoggend aan die slaap geraak. Ek was baie rustig. Toe ek 08:30 wakker word, het Satan 'n erge aanval vir my reggehad. MAAR, Jesus het hom oorwin en ons sal in Jesus se Naam en krag dit ook doen. Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie.**

**Prys Jesus se heilige Naam!**

